laaste sê

Kersgroete deur **Izak de Villiers**

Vir my is *Kersfees* 'n herinnering en 'n soort *blydskap*, 'n onthou en 'n vergeet, engelkore en besige strate, Vrede op aarde en oorlog oral. Dis 'n *fees* van 'n Kind: 'n Kind en 'n kind. *Die Kind* wat gebore is, sou die *wêreld* se koers vir altyd verander en nuwe bakens stel van menswees en geloof.
Die mooiste *musiek* word gespeel in kerke én geblêr in winkels.
En daar is tog 'n gees van welwillendheid.
My eerste herinnering is van *mense* by ons aan tafel met groen *papierkêpsies* op. Ek weet nie wanneer dit was nie, iewers in die vroeë oorlogsjare toe kêpsies nog vermaak was. Op die kêpsies was PEACE, LOVE, CHRIST, JOY, ens.
Nou *wens* ek vir al SARIE se *lesers* 'n gesëende Kersfees met 'n kêpsie op. Mag *vreugde* en liefde oorheers. Mag Christus ook aan tafel wees. En mag Hy oral voor stap, met ons agterna.

Ná baie jare groet ek ook my lesers. Baie dankie vir jul ondersteuning. Baie dankie aan die SARIE-span. Baie dankie aan almal wat met die blad gehelp het, veral André, Lerine, Chris en Helene. En 'n Kersfeesdrukkie vir my geliefde meisie: Michélle.

Maar die lesers: Mag die pad altyd 'n avontuur wees en mag God altyd iewers in jou prentjie wees.

Izak de Villiers
Kersfees 2009

Illustrasie Piet Grobler